**4 Desember**

**Skrifgedeelte: Josua 1:1-9 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Josua 1:6, 9**

## Waarborg vir die toekomstaak

Ná die dood van 'n geliefde wat vir 'n mens baie in jou lewe beteken het, keer jy swaarmoedig, leeg en hartseer van die geopende graf af terug. Wie sal weet wat in die gemoed van Josua omgegaan het ná die dood van Moses? Josua was die assistent van Moses, die man van God. Veertig jaar lank was Moses sy leier. Saam was hulle op die berg Horeb. En nou is Moses se plek leeg en sy stem stil. Wat nou?

Josua is egter nie alleen agtergelaat nie. Die HERE is met hom! Josua word geroep om 'n taak op sy skouers te neem. Wonderlik het die HERE hom vir hierdie toekomstaak voorberei – hy was die leëraanvoerder teen die Amalekiete nog vóór die volk Sinai bereik het; hy was een van die 12 verspieders en het saam met Kaleb 'n positiewe verslag oor die inname van Kanaän gelewer.

In sy afskeidsboodskap het Moses vir die verbondsvolk gesê (Deut. 30:6): *"Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."* Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom gesê waar die hele Israel dit kon hoor: *"Wees sterk, wees dapper! Jy gaan saam met hierdie volk in die land in wat die Here met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Jy moet hulle dit in besit laat neem. Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie."*

Watter roeping en taak in 2012 op u mag wag, lees weer Josua se opdrag: *"Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."*

Ons Here Jesus Christus se woorde aan sy dissipels is vandag nog net so troosryk: *"Onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

*Sing: Psalm 42:3 (1936)* *Ds. FJ du T Lessing (Emeritus)*